**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

***ENBRITE***
**ELEKTRIESE MPY.**
**(Edms.) Bpk.**
**Von Wiellighstraat 9B,**
**POTCHEFSTROOM.**
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
**Telefoon: 6213**

JAARGANG XXII | DONDERDAG 1 JUNIE 1967 | No. 13

# GEEN REPUBLIEKFEES AAN P.U. GEHOU

## Laksheid, sê studente

**„DIT is niks minder as laksheid van die organisasies aan die P.U. dat daar nie hierdie jaar 'n Republiekfees op die kampus aangebied word nie." Die woorde van mnr. Frits Hoogendyk 'n inwoner van Over de Voor, gee die gedagtes weer van die meeste van 'n aantal studente wat deur die Wapad oor hierdie saak genader is.**

**Die algemene mening was dat die P.U. 'n gemeenskap is wat groot genoeg is om self 'n fees te organiseer, veral omdat daar geen byeenkoms vir Republiekdag in die dorp georganiseer is nie.**

Mnr. Hoogendyk het aan ons verslaggewer gesê dat Republiekfees die één fees is waaraan studente as jong Afrikaners geesdriftig behoort deel te neem. „Waar is daar 'n beter manier om ons volksbande te versterk?" het hy gevra.

### TOILETPAPIER

„Deur iets positiefs in hierdie rigting te doen, kan ons toon dat ons as studente ook inisiatief en vaderlandsliefde aan die dag kan lê," het mnr. Pontifex Venter inwoner van Uitspan, gesê toe hy oor die saak genader is. „Hierdeur kan ons toon dat die studentegees nie net bestaan in die hang van toiletpapier op die kampus gedurende Intervarsity nie." het mnr. Venter gesê.

Verteenwoordigers van die Departement Ontwikkeling en die A.S.B. is ook genader vir hulle standpunte oor die saak.

### VAN BO

**Mnr. H. M. Robinson, mededirekteur van Ontwikkeling en voorsitter van die onlangs-gestigte Skakelkomitee, was van mening dat alhoewel organisasie van die aard nie weg van die terrein van die komitee lê nie, die inisiatief vir 'n fees in die eerste plek van die studente self moet uitgaan. Indien die studente by die geleentheid iets sou reël op kulturele of ander vlak, sal hulle kan reken op steun van bo, het mnr. Robinson gesê.**

### A.S.B.

Mnr. Ferdinand Postma, direkteur van Kulturele Aangeleenthede op die plaaslike A.S.B.-komitee, het gesê dat so iets na sy mening baie nodig is, en dat dit jammer is dat so iets nog nie aangepak is nie. „Ek dink dat ons as studente in 'n uitstekende posisie verkeer om in hierdie verband met iets nuuts en oorspronkliks vorendag te kom," het hy gesê.

### A.B.K.K.

**Die Wapad verneem dat die aangeleentheid ook op die jongste vergadering van die A.B.K.K. ter sprake gekom het. Mnr. P. G. Snyman, dosent in Perswetenskap en ere-lid van die A.B.K.K. het hy die geleentheid gesê dat daar op hierdie gebied groot laksheid bestaan en dat die A.B.K.K. wat dit betref, inisiatief behoort te neem.**





**Daar word goed gevorder met die bou van die nuwe eetsaal vir die koshuise oorkant die spoor. Na verneem word sal mans en dames volgende jaar saam in die nuwe eetsaal eet. Die manne van Over de Voor het reeds 'n voorsmakie hiervan gekry toe die dames van Oosterhof onlangs by hulle kom eet het (boonste foto).**
**Foto: Izak Bekker.**

# SENTRUM SE PLANNE GESKETS

**„Die P.U. moet uiteindelik 'n leidende rol speel in die bestudering van sake van internasionale politieke belang. As daar iets gebeur moet die mense met ons skakel en ons raad vra."**

So het mnr. P. Potgieter van die departement Staatsleer die oogmerke van die Sentrum vir Internasionale Politiek, wat op die oomblik in die Frans du Toit-gebou gehuisves word, saamgevat. Mnr. Potgieter het gesê dat die belangstelling in die Sentrum bevredigend is, as daar aan die aantal besoekers geoordeel moet word. Die meeste besoekers, waarvan die oorgrote meerderheid studente is, kom egter slegs vir die nuusblaaie wat gereeld uitgesit word.

### NUUSBRIEF

Onder die ondernemings van die Sentrum val onder andere die nuusbrief, Die Wêreld in Oënskou, wat deur studente teen die verminderde intekenfooi van een rand per jaar ontvang kan word. Verder word 'n eendaagse simposium op 31 Augustus vanjaar beoog. By hierdie geleentheid sal persoonlikhede soos dr. G. D. Scholtz, dr. Hilgard Muller en ander bekende openbare figure oor aktuele vraagstukke gehoor word.

# Rhodeo bespreek skakeltoer

In 'n hoofberig in een van die jongste uitgawes van Rhodeo, studentekoerant van Rhodes Universiteit, word besondere aandag gegee aan die besoek van die P.U.-skakelgroep aan Rhodes.

Volgens die skrywer het die Afrikaanssprekende groep P.U.-studente ingestem om in Engels te praat „ten behoewe van die Rhodesiërs op die Studenteraad van Rhodes." Sommige van die toerlede sou hulself met groot moeite in Engels uitgedruk het.

Rhodeo beskou die ‚marathon' ses-uur lange konferensie as die mees betekenisvolle ontmoeting tussen Engelse en Afrikaanse studenterade in die afgelope drie jaar.

# IKEYS VERBIED OM IN KLAS TE HOES

**Ikeys wat deesdae Sosiologie draf sal voortaan hulle asemhaling baie versigtig moet beheer.**

**Die rede? — Die hoof van die Departement Sosiologie het die studente verbied om in sy klas te hoes!**

Dit is maar een van die vele klagtes wat teen die departement uitgebring is in 'n artikel wat aan die einde van Maart in Varsity verskyn het. Die artikel wat die resultaat van 'n ondersoek was, bevat die gevolgtrekking dat iets ergs verkeerd is in die departement. Nog 'n aanklag teen die departement was dat die hoof, prof. E. Batson, geweier het om studente in sy klas toe te laat wat nie 'n sekere boek, waarvan hy die skrywer is, saamgebring het nie.

### INFILTRASIE

In 'n brief wat prof. Batson verlede week aan die Cape Times geskryf het, voer hy ter verdediging van sy departement aan dat dit nie oor voldoende fasiliteite beskik nie. Hy beskuldig naamlose persone ook van infiltrasie in die departement en betwyfel dit of die artikel met die kritiek deur 'n Sosiologie-student geskryf is.

### KOMMISSIE

**Die jongste verwikkeling in die saak is dat 'n ondersoekkommissie aangestel is om die klagtes te ondersoek. Die kommissie wat onder leiding van 'n oud-regter sal staan, sal op 1 Junie met sy werk begin.**

# DAGSTUDENTE WIL EEN WEES MET STUDENTELEWE

**„Die dagstudente is nie individue wat wil afskei nie, maar wat een wil wees met die studentelewe," het mnr. Jan-At Kruger, voorsitter van die Dagbestuur, op 'n onlangs gehoue vergadering van die liggaam gesê.**

Mnr. Kruger het ook opgemerk dat die Dagstudentebestuur groter take te doen het as wat daar gedink word, soos „die samesnoering van alle dagstudente by die onderskeie aspekte van die studentelewe."

### SAAMSNOER

Aangesien die studentelewe aan die P.U. nie uit groepe bestaan nie, wil die dagstudente hulle ook nie sien as 'n groep van die studentelewe nie, en wil ook nie as 'n groep in die studentelewe deelneem nie, maar as 'n onderskeie, saamgesnoerde deel van die studentelewe.



**MNR. J. A. KRUGER**
**Foto: Fotokuns**

Tog het die dagstudente iets gemeenskapliks; en dit nl. dat almal in die dorp woon en nie in koshuise nie. Hierop bestempel mnr. Kruger die dagstudente as „die gelukkigste van alle groepe."

Alle dagstudente, ook eerstejaars, het volle stemreg op alle vergaderings van die liggaam.

# Oppenheimer ingehuldig


Prof. W. N. Coetzee, dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte het die P.U. Dinsdag verteenwoordig by die inhuldiging van mnr. Harry Oppenheimer as kanselier van die Universiteit Kaapstad.

Rektore van die universiteitskolleges, behalwe dié van Wes-Kaapland, is nie na die plegtigheid genooi nie.

Die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, sen. Jan de Klerk, en die Administrateur van Kaapland, dr. N. J. Malan, was ook nie beskikbaar nie.

# *Wapad verskyn*

Met die oog op die toetstydperk sal die volgende uitgawe van Die Wapad op Woensdag 21 Junie verskyn.



AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
**BULT-APTEEK**
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943. 3377

GROSVENOR MOTORS
LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
Vespa
en
Lambretta
BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:
APTEKERS
J. P. VAN DER WALT
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118
Potchefstroom
TELEFOON: 3237

GISELA IAIWALD
Fotograaf en Fotografiese dienste.
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

Ruikers vir alle geleenthede
BOUQUET
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

J HEIDEMA
vir
FIETSE
en vakkundige
Herstelwerk
Opberging
van fietse gedurende vakansies.
Kerkstraat 48 — Tel. 5319

die WAPAD

DONDERDAG 1 JUNIE 1967

# SKANDE

Die feit dat daar geen vorm van herdenking van die sesjarige bestaan van die Republiek aan die P.U. plaasgevind het nie, kan nie anders as 'n skande genoem word nie.

Vurige toesprake waarin gepleit word dat die Afrikaner sy tradisies in ere sal hou en dit teen allerlei vreemde invloede beskerm, word om die hawerklap gehou. Ook die P.U. het steeds sy deel aan die soort toesprake gehad. As dit egter kom by 'n moontlikheid om praktiese uitvoering aan die woorde te gee by 'n geleentheid waar 'n belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van die volk herdenk word, verkeer almal in diepe rus.

Waar moet die fout gesoek word? Woordvoerders van organisasies op wie se terrein so iets sou kon lê, was ten gunste van die saak, maar hul organisasies het niks in die verband genoem nie.

Hoewel hy nie die enigste is wat daarmee gemoeid is nie, is dit tog seker wel die A.S.B. wat as studente-organisasie in die eerste plek vir die reëling van so 'n herdenking in aanmerking sou kom. Juis waar van alle kante vraagtekens geplaas word agter die werklike doel van die A.S.B., sou 'n mens verwag dat 'n geleentheid om iets prakties te verrig, met albei hande aangegryp sou word.

Dit is immers juis feesdae wat 'n geleentheid bied om die tradisies van die volk in te skerp en die volkseenheid te beklemtoon. Dit is 'n rubriek in die vorige uitgawe van Die Wapad goed uiteengesit.

Dit is waar dat die stereotiepe vorm van volksfeeste menigeen teen die bors stuit. Dit is egter geen rede om dan maar af te sien van die werklike doel van feesdae en net lekker vakansie te hou nie.

Op feesdae moet ons nie net gevoed word met toesprake wat die volkstradisies ophemel nie, maar iets wat prakties kan toon, veral aan diegene wat skepties staan teenoor die Afrikaanse volkstradisie, dat die tradisie ook in die huidige tyd groot waarde het.

# ONDERWYS

Jaarliks studeer daar 'n aantal studente op die P.U. af wat hulle vir die onderwys bekwaam het. Hierdie studente word toegerus met 'n graad sowel as 'n onderwysdiploma. Meer nog: hierdie studente word in hulle opleidingsjare op die P.U. geskool in 'n Christelike wetenskapsbeskouing.

Tereg kan Die Wapad nou die vraag vra of daar dan geen dringende behoefte is in die Transvaalse onderwys vir Christelik-geskoolde leerkragte nie? Want in die verlede was daar, ten spyte van die groot onderwystekort, elke jaar 'n aantal studente wat geen onderwyspos in Transvaal kon kry nie. Na verneem word, beloop die aantal van hierdie onderwysers wat ten einde raad in 'n ander provinsie gaan skoolhou het en andere wat in ander professies 'n heenkome gevind het, diep in die honderdtalle.

Of moet die oplossing vir hierdie probleem gaan soek word in swak administratiewe beheer in die Transvaalse Onderwysdepartement? Wie enigsins met onderwys in die praktyk bemoei is, besef die omvang van hierdie vraag. Want daar is meer onderwysprobleme en van groter omvang, wat ons op studentevlak nie raak nie.

Het dit nie lankal tyd geword dat ons owerhede van die Universiteit se kant af invloed begin uitoefen wat tot sekere ondersoeke sal lei nie? Dat deurtastende ondersoek in hierdie saak noodsaaklik blyk te wees is geen vraag meer nie. Dit het werklikheid geword.

## *Studente skryf en praat . . .*

**"Last week the Potchefstroom University S.R.C. paid an historic visit to Rhodes to thrash out mutual problems and to exchange ideas. The six-hour conference achieved no dramatic results, but it was a significant break-through." — Hoofartikel Rhodeo.**

**„Dat sommige dames alle mans as wesens beskou wat 'n bedreiging vir hul lewens inhou en wat met hand en mond beveg moet word, is belaglik." — Hoofartikel die Perdeby.**

**"If at 20 we are to be jolly good no-offence-to-anyone fellahs, may heaven help us when we are 50. If we have to extinguish our interiors in order to distinguish our exteriors, then we will become useless students and useless people." — Hoofartikel, Nux.**

**"It is time for the hostilities of our parents to die, and for students to regard each other as people and students, and not as members of "racial" or "language" groups." — Hoofartikel, Wits Student.**

# In U Lig

**Matth. 27:40 — Red/verlos Uself.**
**Kom af van die kruis.**
**:42 — Laat Hom nou afkom van die kruis.**
**:43 — Laat Hy (God) Hom nou verlos.**

Met hierdie spotkreet word Jesus Christus begroet as Hy skynbaar magteloos-sterwende aan die vloekhout hang. Maar — in werklikheid is dit Satan wat sy laaste poging aanwend om Jesus van Sy middelaarsweg af te lei, omdat Hy langs hierdie weg voortwandel om via die kruis in die graf in te gaan en daar die kop van die Slang te vermorsel! Dis Satan se laaste geleentheid om Christus van Sy lydenspad af te keer voordat die laaste worsteling — ja, dan van aangesig tot aangesig —in die dood en in die hel sou plaasvind!!

Maar Jesus bly aan die kruis. Hy wat inderdaad magtig was om van die kruis af te stap, bly aan die kruis — vir ons! Maar Hy bly aan die kruis — ook vir my!! Vir Satan was dit lewensbelangrik dat Jesus van die kruis moes afkom, want die kruispad was vir hom 'n vernietigingspad, maar — ook vir ons, ook vir my was die kruispad lewensbelangrik, want as Hy sou afkom van die kruis, sou daar vir ons, vir my alleen dit oorgebly het wat ons verdien nl. die ewige dood en die helse vuur !!

Maar Jesus **het** aan die kruis gebly — vir ons, vir my. As Christene het ons ook 'n kruis ontvang, maar nou is die vraag — bly ons, bly ek aan hierdie kruis van Christus?!

# = Deur My Lens =

Te midde van republiekwordings en vlaghysings orals op die kampus, het die Republiek van Suid-Afrika gister sy sesde verjaardag gevier. Te oordeel aan die (on)bedrywighede in die koshuise, het 31 Mei, net soos 6 April en 10 Oktober, die deel van die trotse jeug van Suid-Afrika wat op die Puk studeer, darem die geleentheid gegee om hulle agterstallige werk en slaap in te haal. En intussen is die Republiek al weer op pad na sy sewende verjaardag.

**VARIASIE**

**Die Studenteraad kan gerus meer massavergaderings in die Frans du Toit-gebou hou. Die gepaktheid van die saal en die groter gemoedelikheid wat daarmee gepaard gegaan het (twee lang verslae ten spyt), wat 'n welkome variasie op wat ons in die laaste tyd van massavergaderings begin gewoond raak het.**

**ENTOESIASME**

Nogal ironies dat die kwessie van R2,000 vir die film op dieselfde vergadering as die geesverslag ter sprake moes kom. 'n Debat oor hoe 2,500 persone R2,000 in drie maande moet insamel, spreek nie boekdele vir ons entoesiasme nie. Mens kan maar net hoop dinge het verander teen die tyd dat die beoogde karnaval eendag werklikheid word met sy kollekteerdery en al.

**EERSTEJAARS**

Iemand sê my die Puk brei seker geweldig uit, te oordeel aan die getal eerstejaars. By massavergaderings is daar omtrent twee eerstejaars vir elke senior, en op minder formele byeenkomste (intertees, kussinggevegte, ens.) is die posisie nie juis beter nie. Of dit aan hulle eie oorgeesdriftigheid toe te skryf is, betwyfel ek. Miskien die teenoorgestelde by ons seniors?

**KOERANTE**

**Dis verblydend dat die S.R. buitelandse koerante wil begin lees, maar hoekom dan juis uit Brittanje en Amerika? En buitendien het die biblioteek en die Sentrum vir Internasionale Politiek in elk geval 'n groter verskeidenheid beskikbaar teen 'n laer prys as wat die studenteraad in sy benarde finansiële toestand aan intekengeld sal moet betaal.**

**REFLECTOR**

● Sterkte aan die A.S.B. met hulle pogings tot uitbouing en die vraelyste wat hulle nou versprei. Mag hulle regtig veel daaruit wys word.

## Ons Flitsgedagte

**Waarom word die studente so baie ingeperk?**

**Dit is 'n vraag op die kampus.**

Soms somaar 'n teoretiese vraag terwille van die argument. Soms 'n vraag wat 'n ingehoue of openlike protes inhou.

Ons kan aanvaar dat daar aanleiding vir so 'n vraag bestaan. In alle billikheid het ek terwille van die rubriek die aanleiding probeer soek.

Dit kan tog nie wees dat alle gesag of reëls as inperking gesien word nie? Gesag is tog die A.B.C. van 'n geordende samelewing.

Nou stel ek maar 'n paar vrae vir diskussie:

- Moet die student minder ingeperk word t.o.v. studieopdragte en klasbywoning?
- Wil die student groter vryheid t.o.v. die koshuislewe, bv. dat hy dan kan maak wat hy wil, wanneer hy wil, waar hy wil en met wie hy wil?
- Word die student te veel ingeperk wat sy kleredrag op die kampus betref? Verkies hy om met seilskoene klas te loop?
- Is die etiese kode hier té strak? Moet ons groter vryhede bepleit op seksuele terrein? Miskien kampus-fuifpartye toelaat?
- Het die student hier geen akademiese vryheid nie?
- Mag hy sy eie standpunt nie stel in referate, toetse, eksamens ens. nie?
- Word sy bewegingsmoontlikhede ingekort?
- Is die reëls te streng i.v.m. die eiendom. Sou „happenings" d la Kaapstad die ideaal wees?

Ek is dom — help my 'n bietjie met die motivering vir die stelling-vraag: waarom word die studente so baie ingeperk?


Wm.

# BRIEWEBUS

Briefskrywers word daaraan herinner dat hul briewe slegs gepubliseer kan word indien volledige naam en adres daarin vermeld word, selfs al word 'n skuilnaam gebruik.

**Nog briewe verskyn op bl. 5.**

# FILM OOR P.U.



## Ons Lesers Skryf

# PUNTE OOR IMMIGRASIE OPGEHELDER

**Geagte Redakteur — In Die Wapad van 17 Mei het daar 'n verslag verskyn oor my praatjie oor immigrasie voor die J.V. Deo Gloria. Ek wil graag 'n paar punte ophelder.**

1. Ek was wel een van die stigters van die Maatskappy vir Europese Immigrasie en was ook geruime tyd onder-voorsitter van die Johannesburgse immigrasiekomitee. Ek is egter nou geen lid meer van daardie organisasie nie en my uitlatings tydens my toespraakie is dus nie namens die MEI geskied nie.

KERFSTOK

2. Ek het dit gestel dat die Vlaminge hier in grote meerderheid Protestante word en dat van die Vlaminge wat ons ken (Die Dietse Federasie) 85 persent reeds tot een van ons Afrikaanse Kerke behoort. Die ANDER 15 persent kan gewin word. Dit is nie op die „kerfstok van die Afrikaner nie", soos die verslag dit stel maar ek het baie duidelik gestel dat ek die Kerke as instituut blameer.

Ek het genoem dat ons Kerke vandag vreeslik begerig is om dienste vir Engelssprekendes te hou, ja predikante daarvoor te beroep, maar dat ons buite-kerklike- en Roomse Dietse immigrante prakties NIE BEARBEI word nie.

Dat dus juis die mense wat taalkundig en kultureel so maklik bereikbaar is aan die aandag van ons Kerke ontsnap, terwyl vreemdelinge wat baie moeiliker bereikbaar is soveel aandag geniet.

JAN VAN DE GRAAF
(Sekretaris Dietse Federasie)

## Reflector is lamsakkig

Geagte Redakteur — Erg genoeg is dit dat sommige „reflektors" te lamsakkig is om te sê wie hulle is, en agter 'n skuilnaam uit die grootste onkunde praat van die „alwyse monotoon van 'n paar na-graadse studentjies" — 'n onderhoud met die rektor en 'n studie omtrent die dosentevraagstuk waarmee die Puk te doen het, sal hom dalk goed te pas kom.

In 'n gesprek met een van dié sg. alwyse monotone na-graadse studentjies het die volgende aan die lig gekom: „ Dit is nie dat ek meen dat ek iets weet nie, maar net die idee van die neersiening op diesulkes wat kosbare tyd opoffer om 'n groot probleem te help verlig. Verder moet die kritikus net in ag neem dat ander universiteite en ook Engelstalige universiteite ons koerant lees, en ons kan verwag dat hulle interpretasie daarvan beslis nie die Puk in 'n gunstige lig stel nie."

P.v.S.

(Brief verkort.— Red.)

## Vergadering oor aanneming

Die tweede- en derdejaar maatskaplike werk-groep van die P.U. het onlangs 'n vergadering van die Kindersorgvereniging op Klerksdorp bygewoon. Die tema was: Aanneming. 'n Predikant, 'n geneesheer, 'n sielkundige, 'n kommisaris van kindersorg en 'n maatskaplike werkster het die aanwesiges toegespreek oor al die fasette betreffende die aanneming van kinders. Die groep het onder leiding van mnr. Daan Eloff gestaan.

# VERWERY BY P.O.K.:

## *Onder-voorsitter doen verklaring*

**„AS dit ons is, vra ons Pote om verskoning vir die skending van hul olifant, maar ons betreur dit dat hulle sulke uitlatings gemaak het voordat hulle die Studenteraad in die saak geken het."**

**So het mnr. Dries du Plooy, ondervoorsitter van die P.U.-Studenteraad, in 'n onderhoud gesê na aanleiding van die voorbladberig en hoofartikel in die Pootjie, studentekoerant van P.O.K. van 26 Mei. Kapsie word daarin gemaak teen die verwery van die beeldjies in die Catharina Vywer op die Pote-kampus. Daar word gesê dat die „verfmaniakke" Pukke is. Die voorval word bestempel as van „sieklike mentaliteit" wat nie by mense van goeie opvoeding pas nie.**

Mnr. Du Plooy het gesê dat hy wel van 'n vorige keer weet dat dit die Pukke was wat die beeldjie geverf het, maar dit wil voorkom asof dit in die huidige geval blote bespiegeling is. Hy wonder of dit nie juis as gevolg van die feit dat ons strate so met pote bemors is, so gekom het dat hulle visdam deurgeloop het nie.

SKEEFTRAP

**Hy het ook gewaarsku teen veralgemening, wat daarop sou neerkom dat vanweë die feit dat een of twee enkelinge hulle aan minder goeie gedrag skuldig gemaak het, die hele studentemassal van die Puk gekritiseer word, net soos as gevolg van die paar enkelinge wat by hulle skeeftrap, soos maar in elke gemeenskap, die hele inrigting nie daarvoor verantwoordelik gehou kan word nie.**

REINE

**Mnr. Du Plooy het dit beklemtoon dat hulle uitsien na beraadslaging met die studenteowerhede van Pote, ten einde die saak in die reine te bring.**

BELAGLIK

'n Aantal menings van studente is ingewin. Die meerderheid het die aangeleentheid as belaglik bestempel en gevra dat die skuldige persone uitgelewer moet word, as hulle dan op heterdaad betrap sou wees. Andere het beweer dat albei partye skuldig is in die saak. Nog 'n siening is dat dit geregverdigde studentepret is. Die algemene opvatting bly egter dat die aantygings teen die Pukke opsigself onverdiend is, gesien in die lig van omstandighede, soos die aard en omvang van die hele situasie.

ANGEL FACTORY

**In 'n rubriek in dieselfde uitgawe van die Pootjie word oor die saak o.a. gesê:**

**FLO: Ek wonder wat sal die Angel Factory dink as ons hulle visdam gaan besmeer . . .**

**DO: Glad nie nodig om te besmeer nie, ons skryf net: „Sokkiejol in die St. Totiuskatedraal „êrens op die kampus . .ha . . ha!"**

## *Professor na V.S.A.*

Prof. J. A. Venter, hoof van die departement Engels aan die P.U., woon in Julie 'n kursus by in toegepaste taalkunde in Ann Arbor in die V.S.A. Prof. Venter sal tydens sy verblyf in die Verenigde State 'n lesing oor die doseer van Engels as tweede taal aan Suid-Afrikaanse universiteite lewer voor die somerbyeenkoms van die Linguist Society of America.



PROF. J. A. VENTER
Foto: Fotokuns

# A.S.B. versprei vraelys tussen seniors

**Die plaaslike tak van die A.S.B. het begin met daadwerklike pogings om diè organisasie op die kampus uit te bou.**

Die eerste middel wat in die proses gebruik word, is 'n vraelys wat deur seniors ingevul moet word. Die vraelys, waarop tien vrae verskyn wat beantwoord moet word, is reeds by die Studenteraadskantoor beskikbaar en sal binnekort ook deur skakelpersone in die koshuise beskikbaar gestel word.

Die vrae is daarop gemik om die houding van seniors teenoor die A.S.B. vas te stel en daar is ook geleentheid vir algemene opmerkings oor die organisasie.

Volgens die voorsitter van die A.S.B.-komitee, mnr. Ben de Klerk, word daar ook beoog om die menings te verkry van oudhoofbestuurslede van die A.S.B. 'n Vraag wat o.a. aandag geniet, is of die A.S.B. 'n oorkoepelende of 'n diensorganisasie behoort te wees.

Mnr. De Klerk het gesê dat nadat die ingewinde gegewens verwerk is, 'n memorandum opgestel sal word wat waarskynlik op die A.S.B.-kongres voorgelê sal word.

## Rektor van Gent op P.U.

Prof. dr. Jan J. Bouckaert, rektor van die Universiteit van Gent in België het verlede week in Woensdag 'n kort besoek aan die P.U. gebring.

Hy het na Suid-Afrika gekom op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse-Belgiese kultuurverdrag onder beskerming van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Prof. Bouckaert was die persoonlike gas van die rektor, prof. H. J. J. Bingle.


## VAKATURES VIR JOERNALISTE

Die Volksblad in Bloemfontein sal end 1967, begin 1968 in sy redaksie vakatures vir gegradueerde mans en vroue hê. Weens uitbreiding en die aandeel wat die koerant se personeel het in die uitgee van die Sondagblad Die Beeld is daar uitstekende geleenthede.

Die Volksblad is een van die drie dagblaaie van die Nasionale Persgroep.

Salarisskale vir gegradueerdes:

Mans:
Baccalaureusgraad R176 x R12 — R332
Hoër akademiese kwalifikasies R184 x R12 — R328 x R4 — R332

Vroue:
Baccalaureusgraad R150 x R10 — R220
Hoër akademiese kwalifikasies R160 x R10 — R220

Daarna is daar hoër senior salarisskale.

'n Jaarlikse bonus van 8⅓ persent van die salaris, met 'n maksimum van R100 vir ongetroudes en R200 vir getroudes, word betaal. Die koerant bied ook die volgende: 'n goeie pensioenskema, lewens- en ongeluksversekering, 'n siekte- en siekteverloffonds en ander voordele.

Aansoeke en navrae moet gerig word aan:
Die Redakteur,
Die Volksblad,
Posbus 267,
BLOEMFONTEIN.


# Van die Studenteraadstafel

**AFVAARDIGING NA KONGRES**

Die Studenteraad het op sy laaste vergadering die P.U. afvaardiging na die A.S.B.-Kongres, wat van 3 tot 7 Julie in Bloemfontein gehou word, goedgekeur. Die afvaardiging bestaan uit Mnre. W. N. Coetzee (leier), A. le R. du Plooy, J. H. P. Schutte, C. G. van der Merwe, C. F. C. Coetzee en mej. H. Venter. Die tema vir vanjaar se kongres is „Afrikaner-idealisme" en die P.U. moet 'n referaat lewer oor „Afrikaner-idealisme t.o.v. die Pers.".

**ALABAMA-TOER**

Daar is besluit om die nuwe bus aan Alabama toe te ken vir hulle toer na Natal gedurende die Wintervakansie. 'n Haak sal aan die bus aangebring word sodat die sleepwa getrek kan word. Die ou bus is aan die Rugbyklub toegeken vir hulle toer deur Noord-Kaapland.

**WANGEDRAG**

Dit het onder die Studenteraad se aandag gekom dat 'n aantal P.U.-studente hulle aan wangedrag skuldig gemaak het met die onlangse Rugbywedstryd teen P.O.K. Die hele aangeleentheid is na die tugkomitee van die S.R. verwys om ondersoek in te stel en na goeddunke op te tree.

**SKAKELING MET P.O.K.**

Die Studenteraad het in beginsel besluit om daadwerklik op te tree i.v.m. skakeling met die Studenteraad van P.O.K. Dit word beoog om samesprekings te voer oor dieselfde sake as waaroor op die pas afgelope skakeltoer met Studenterade van ander Universiteite samesprekings gevoer is.

**HANDBOEKEKSAMEN**

Die jaarlikse Studentehandboekeksamen het op Saterdag 27 Mei plaasgevind. Ongeveer 350 studente, waaronder ook 'n aantal seniors, het die eksamen afgelê. Die Studenteraad hoop om die vraestelle voor die einde van die eerste semester na te sien, aangesien die aanvullingseksamen reeds op Saterdag 5 Augustus afgeneem word.

# KUNSGESELSIE

Waarom bevind die teoloog hom vandag so dikwels teenoor die kunstenaar? En die kerk soms teenoor die kuns?

Die oplossing van hierdie probleem moet gaan soek word in ons erfenis uit die ou-tyd. Die rede hiervoor spreek uit die belang van die historiese agtergrond. En is dit nie die mens se historiese verband wat hom onderskei van die dier nie? 'n Dier kan immers van geen verband tussen tydsgrepe bewus wees nie. Hy stap van die een moment af na die volgende, hy belewe die een tydsfase na die ander, sonder om ooit die kousale verband sinvol te ervaar. En die belang van die verlede is bepalend in die mate waarin kennis daarvan konstruktief is vir die hede, dan kan dit ook riglyne vir die toekoms afpeil.

**VERLEDE**

Dit ter inleiding. Die probleem gaan waarom die kerk soms uitsprake téén kuns moet maak. Sou die wysgere dit bloot kon afmaak met sekularisme in die kuns? D.w.s. die ontgoddeliking, die verwêreldliking in die kuns, die afvalligheid van die kunstenaar.

Vir my lyk hierdie 'n probleem waarmee die tyd gewerk het, daarom het dit verdiep geraak, so diep dat ons vir die oplossing daarvan in die verlede moet gaan delf.

**JOODS**

**Ons erfenis uit die verlede is hoofsaaklik tweeledig, veral op die kunsterrein, meer bepaaldelik: die letterkunde. Dit gaan sover terug as ou-Griekeland en die ou-Joodse volk. Wat ons van elkeen van hierdie erflaters ontvang het is hoogs uiteenlopend van aard. Neem maar die ou-Grieks tragedie teenoor die Joodse literatuur.**

**PATOS**

In die ou-Griekse tragedie is die fatumgedagte die bepalende Die moira, die tuge, die diké, die onheilige heidens-religieuse, die rite. Dit staan radikaal teenoor die ou-Joodse aanvaarding, die mooi-berusting in die aanvaarde, sonder fatalisme, en die altyd heilige wete van God se toorn, Sy hoogheid bo die mens, Sy Wil oor die mens. Hier is van geen tragiek sprake nie, hoogstens patos by die mens — bv. waar Moses as 'n moeë, afgeleefde ou man, nadat hy die volk gelei het tot hiertoe, die land mag sien maar dit nie mag besit nie. Hier is dit nie soos by die ou-Griekse tragedie, waar die mens neerbuig na die aarde, sy herkoms, nie — hier wend die mens hom op na bo, na sy heenkome.

**RAAKPUNTE**

Weliswaar is daar die raakpunte wat bedrieglik kan wees. Maar die verdiepte téénheid wat hierheen, uit elke tyd van die verlede, gekaats word, laat dit vandag tot vername gestalte groei nl. Jerusalem teenoor Athene as 'n gegewenheid wat bewustelik aanvaar moet word.

**Dit kom my voor asof dit nog steeds die grootste oorsaak is waarom die kerk soms teenoor die kuns te staan kom.**

C.J.S.

## B.B.-klub was onbehoorlik

Nege beweerde lede van die B.B.-klub op Rhodes moes voor die Vise-kanselier van die universiteit, dr. J. Hyslop, verskyn op aanklag van onbehoorlike gedrag op die kampus. Hulle is gewaarsku dat enigeen wat weer nakend op die kampus rondhardloop en gesien word, dadelik geskors sal word.

Die B.B.-klub stuur sy lede laat in die nag uit om nakend om die kampus te gaan hardloop. Dis deel van dié klub se inlywingsprosedure.

RHODEO

## Val 246 voet ver

Die 21-jarige Gene Robens het verlede week 246 vt. ver geval vanaf San Francisco se Golden Gate-brug. Dit kan vergelyk word met 'n sprong vanaf die dak van 'n 23-verdieping gebou. Al wat egter in die hospitaal met hom verkeerd gevind is, was dat hy longontsteking opgedoen het!

# Aanbieding van „Ons Dorp" was nuut en vars

**„ONS DORP" — Departement Spraakleer en Drama in die Totiusgedenksaal: „Ons Dorp" van Thornton Wilder wat op die oomblik in die Totiussaal opgevoer word tot 3 Junio is in aanbieding nuut, vars, in opset en trefkrag groots en uniek.**

**„Ons Dorp" toon ons iets van die lewe: die lewe met sy peuterdingetjies en eenvoud, maar algaande het dit ook 'n raakpunt met die individuele mens se diepste verlange; sy konfrontasie met die onsigbare, die oneindige — en uiteindelik die dood. Die besef van die verganklikheid van die mens is die grondmotief van hierdie stuk: die eindelose herhaling van die getye: lente, somer, herfs, winter. Die nietige dae van die mens.**

Maar dit word nie net 'n sinnelose spel na 'n onafwendbare, uitsiglose einde nie. In wese beklemtoon dit deur kontraswerking, en paradokse ook die kosbaarheid van die lewe.

**KLEINDORPSLEWE**

Basies word 'n kleindorpslewe geskets waarin twee families, die Rocco's en die Webbs, in die middelpunt sentreer. Hierdie twee gesinne word in drie stappe, drie bedrywe, deur 'n „sigbare" spreker, die verhoogbestuurder gelei, te wete: die alledaagse eentonige bestaan, die liefde en die huwelik, tot die noodwendige: die dood.

Hiervandaan, vanuit die dood, word deur kontraswerking, 'n terugblik gegooi op die hele lewe wat dit dan in sy ironiese perspektief stel: die mens as nietig-verganklike wese — met die dood beter as die lewe.

**EFFEK**

Met die „teater in die ronde," word 'n ongekende meelewende effek verkry. Elke toeskouer speel saam in hierdie klein lewensdrama, wat groter en ontstellender word, leef hy mee — en dis ook hy wat later saam met die dooies op die koppie, met die ewige wisseling van son en wind en reën, begrawe lê onder die kluite. „Ons Dorp" met sy humor en aardsheid, sy ironie en erns, bring 'n ongekende ontroerde boodskap.

**ONBILLIK**

**Al die spelers het oortuig — dit sou onbillik wees om in so 'n geslaagde aanbieding iemand van minder goeie spel te beskuldig.**

Tog moet ek uitsonder: Gerrit Groenewald as die verhoogbestuurder lewer uitmuntende spel, veral deur sy buigbaarheid van vertolking — sy natuurlike speeltalent. Abri le Roux as Org Rocco bewys homself weer eens as 'n jongman met 'n skitterende toekoms. Ook Andries Swart as dr. Rocco en Albie Standring as Emmie Webb, was geen onwaardige vertolkers nie.

**Met een woord: 'n stuk waarin mens meeleef en deel word van 'n „Grawehoek," 'n „Boplaas" in jou hart — en in die tyd.**

Jacques Loots verdien groot lof vir sy knap regie.

P.H.R.



**Die troutoneel, een van die hoogtepunte uit die toneelstuk „Ons Dorp," wat hierdie week onder spelleiding van Jacques Loots in die Totiussaal opgevoer word.**

# SIMFONIE-ORKES MAAK DEBUUT

**DIE Potchefstroomse Simfonie-orkes het sy debuut gemaak in 'n voorstellingskonsert verlede Vrydagaand. Hierdie konsert het bo verwagting aangedoen.**

Nou is dit nie die tyd om te praat oor onsekere beheer van die slaginstrumente, koördinasie tussen blaas- en strykinstrumente en ander faktore nie. Van belang is: **Dié orkes het lustig gespeel. Die aanbiedinge was professioneel gekleur. Hoewel dirigent Jos te Groen klaarblyklik geen sin het in die tradisionele formaliteite nie!**

**Die program het bestaan uit bekende populêre werke van** Dvorak, Beethoven, Mozart en Händel.

**SPONTAAN**

Veral Beethoven en Händel is besonder gemaklik en spontaan uitgevoer. Dit was aangenaam om Jos te Groen se bekwame beheer oor die orkes te aanskou.

Tussenin het die Volksteaterkoor onder leiding van Arie van Namen en 'n soliste, Sonja van Namen, ook opgetree. Moontlik was die goedafgerigte koor nodig, maar daar moet gedink word om die volgende keer 'n suiwer simfonie-aand te hou.

**Met 'n goeie programkeuse was die simfonie-orkes se eerste aand 'n suksesaand. Hier het ons 'n orkes uit Potchefstroom vir Potchefstroom. Met die volgende aanbieding sal daar selfs meer mense wees. Dit blyk of daar eindelik 'n brug tussen die akademiese sentrum van Potchefstroom en Potchefstroom-Dorp op kulturele vlak gevind is. Daarom is dit belangrik dat hierdie simfonie-orkes 'n orkes sal bly vir al Potchefstroom se mense — dit kan so maklik „Universiteitsele" word!**

Nie net lede van die orkes nie, maar veral prof. en mev. Ryke het met die totstandkoming van so 'n orkes iets moois gedoen vir ons gemeenskap. Hulle verdien Potchefstroom se erkentlikheid.

C.J.S.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM




**PARADISE RESTAURANT**

Dié kafee op Die Bult . . .
dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.

**Tomstraat 86 Tel. 5474**

# IN DIE VOETPAD

DEUR RONDLOPER

Die Voetpad verneem uit betroubare bronne dat Tarentaal sy tweede groot nywerheid gaan kry. Nadat daar onlangs 'n groot kunsmisfakriek opgerig is, is daar glo planne vir die oprigting van 'n verffabriek. Prof. Eendedam, dekaan van die Aweregsfakulteit aan die T.U. en burgemeester van Tarentaal, het hieroor aan Die Voetpad gesê: „Dit blyk nou dat daar veral na rugbywedstryde 'n groot aanvraag na verf is, en daarom is op die oprigting van die fabriek besluit. Daar word beoog om veral te konsentreer op verf wat op teerstrate gebruik kan word — u weet, — verfwerk van die stereotipe aarde."

**PIENK**

Prof. de Strooi, hoof van die Tarentaalse Onderwyskollege, het in 'n onderhoud met Die Voetpad sterk beswaar gemaak teen die feit dat iemand die olifant op T.O.K. se kampus pienk geverf het. „U moet weet," het hy gesê, „watter verskriklike skok dit is om vroeg in die more, wanneer mens dit nie meer verwag nie, pienk olifante te sien."

**SNAAKS**

Die Studenteraad van die Tarentaalse Universiteit beoog ingrypende veranderings in die studentelewe, verneem Die Voetpad vierdehands. Die beoogde veranderings is glo die resultaat van 'n hoogs interessante toer wat die S.R. onlangs onderneem en wat plekke soos Port Elizabeth en Hartenbosch ingesluit het.

**Een van die beoogde veranderings is glo die instelling van 'n lid vir ontspanning op die S.R. Van die lede is glo ontevrede hieroor. „Ek beskou dit as 'n mosie van wantroue," het een gesê, „van wanneer af is ons self nie meer snaaks genoeg nie?"**

**ONS PLAAS**

Intussen berig ons kunsverslaggewer dat die hele Tarentaal in rep en roer is vir die opvoering van „Ons Plaas" wat binnekort ge-Loots word.



**Dit is nie meer nodig vir die mense wat van klasse kom koue tee te moet drink nie. Thermos-teekan die is kort gelede by die koshuise ingevoer. Foto: Izak Bekker**

# MASSA WIL KARNAVAL INSTEL

**Daar is in beginsel besluit om 'n karnaval in te stel as vervanging van die Vreugdedag. Die besluit is op die massavergadering van Dinsdagaand 23 Mei geneem, na aanleiding van die verslag van die kommissie wat deur die massa aangewys is om ondersoek in te stel na die studentegees.**

In die verslag word aanbeveel dat die karnaval moet geskied met heelwat beplanning en organisasie en in samewerking met die owerhede.

**REKTOR**

Die kommissie het aanbeveel dat die ontheffingsdinee vervang word met 'n tuinparty vir die hele studentemassa, wat bv. op die rektor se landgoed kan plaasvind.

**Die kommissie het ook aanbeveel dat die Ontspanningskomitee omskep word in 'n hoofliggaam of komitee van die Studenteraad.**

## Haak en Steek kry lapelwapen

Die inwoners van Huis Haak en Steek het onlangs 'n besondere gebeurtenis beleef toe 'n koshuis-lapelwapen sy verskyning gemaak het. Die koshuis is veral trots daarop om na 'n bestaan van slegs anderhalfjaar te kan spog met 'n eie wapen.

By geleentheid van die amptelike ingebruikneming is ook twee replikas aan die damespersoneel van die Kompleks, mevv. Du Buisson en Raubenheimer, oorhandig. Die primarius, mnr. J. P. L. van der Walt, het die inwoners gevra om die simboliek van die wapen, nl. doelgerigtheid en vasberadenheid, hul strewe te maak.

# Nog Briewe

## VLAG GESTEEL UIT JALOESIE Sê HEIMAT

**Geagte Redakteur, — Namens die Hertogdom van Heimat rig ons hierdie uiters dringende brief aan u. Ons eis dat u 'n berig in vandeesweek se Wapad sal regstel.**

Ons vind die berig by die foto op die voorblad onsmaaklik weens die halwe waarhede wat daar genoem word. Omdat Heimat in 'n slegte lig gestel is, eis ons 'n berig wat die hele waarheid weergee. Kortliks skets ons die situasie:

**VERBLOEM**

In die verwysde berig word vermeld dat die eerstejaars van Uitspan beslag gelê het op die oorspronklike vlag van Heimat. Hier word verbloem hoé dit geskied het. Tydens die Hertogdom se Ingebruiknemingsplegtigheid van sy ampsmotor, is die vlag, na die onthulling van die ampsnaam van die motor, deur 'n inwoner in sy kamer geplaas.

**JALOESIE**

Omdat die kamer op die onderste vloer en uit die gesig was, is die vlag verwyder op 'n wyse wat die Hertogdom van dameskoshuise sou verwag. Ons kan nie anders as om jaloesie te bespeur nie.

Heimat was nie bewus dat Uitspan die vlag het nie, want nooit kon hulle dink dat die skaking van 'n koshuisvlag op so 'n wyse deur 'n manskoshuis gedoen kon word nie.

**HOOP**

Ons hoop van harte dat n soortgelyke berig met halwe waarhede nooit weer in Die Wapad sal verskyn nie.

Namens die inwoners van die Hertogdom.

L. D. Coetzee (primarius).
H. S. Steyn.

**(Die „berig" is deur 'n Heimatter geskryf! —Red.).**

## Sportberigte is eensydig

Geagte Redakteur, — Ek wil u gelukwens met die welslae behaal by die weeklikse verskyning van Die Wapad.

Maar ongelukkig moet ek kla oor die eensydige prominensie op die sportbladsy. Net van sekere koshuise word sportuitslae vermeld. In die onlangse paar uitgawes het ek tevergeefs gesoek vir berigte oor wedstryde van die Kompleks-dorp rugbyspan.

**ENGELS**

Liewer word ruimte in belang geneem deur beriggewing van ander spanne wat tot dusver nie die mas kon opkom nie. Bg. span, wat totdusver goed gevaar het, verdien beslis vermelding. Die gedagte van fliekadvertensies in Die Wapad is baie goed, maar in Engels hoort dit beslis nie in Die Wapad nie!

FAANS STEYN

## Vervoer kwel student

Geagte Redakteur, — Die vervoerkwessie van studente na en vanaf die dorp, is 'n saak wat my baie kwel.

Die busdiens, deur 'n busfirma hier ingestel, is heeltemal onvoldoende by tye wanneer baie studente daarvan gebruik wil maak. Liewer sal die busse oorlaai word, om sodoende die ongemak van die studente te verseker en bowendien 'n verkeersreël te oortree, as om nog busse beskikbaar te stel.

**LAAT**

Dat die bus partykeer laat opdaag of gladnie opdaag nie, grief my veral. Die busgeld is ook sodanig dat dit uitkering van kleingeld noop. Tog, betaal jy met 'n noot, word dit jou summier geweier om saam te ry.

**EIE BUSDIENS**

**Dit het tyd geword dat daar van die studente se kant op die saak ingegaan word en een van twee dinge kan gebeur: of hervorming betreffende die bestaande busstelsel; of 'n eie busdiens deur die Studenteraad.**

FAANS STEYN

(Brief effens verkort. —Red).

## Wil ook lid van V.I.C.S. wees

Geagte Redakteur, — In 'n hoofartikel van 17 Mei is geskryf dat sosiaal-akademiese verenigings 'n groot taak vervul deur die groot gebrek aan geleentheid om ook van ander wetenskappe kennis op te doen, aan te vul.

Ek was op die stigtingsvergadering van die V.I.C.S. en een van die pasverkose bestuurslede het my beveel om nie die presensielys te teken nie, want „hulle" wil my nie daar hê nie! Ek mag noem dat my B.Sc.-kursus al die vakke insluit wat vereis word vir B.Sc. (Ind. Chem.) I, behalwe Ingenieurstekene.

WOUTER UYS

(Die brief is aan 'n bestuurslid van die betrokke vereniging voorgelê. Hy het gesê dat die konstitusie van die vereniging lidmaatskap beperk tot Industriële Chemie-studente. Studente wat nie by die departement ingeskryf is nie en nie Ingenieurstekene as vak het nie, kwalifiseer nie vir lidmaatskap nie. Brief verkort. — Red.).

# Republiek Over de Voor kies president

**„Voor u sien u 'n uitbarsting van Nasionalisme, Patriotisme en koshuisgees (Over de Voorisme) in die ergste sin van die woord." So het mnr. L. Vorster die onafhanklikheidsviering van die Republiek van Over de Voor beskryf.**

Die dames van Oosterhof is reeds vroeg Saterdag-oggend onder groot vertoon, lawaai en marsjerende leërmagte gevange geneem en weggevoer om die feesvierings by te woon.

**AMPSMOTOR**

Die nuut-gekose „president" van die jong „republiek" is ook by die geleentheid bekend gemaak. Prof. S. J. Preller is in die hoedanigheid aangestel omdat hy die enigste persoon in die „land" is wat 'n ampsmotor besit. Die nuwe Kabinet is ook aangekondig.

Kort na die aankoms van die marsjerende troepe by die feesterrein het die President onder die strelende note van „Sail along silvery moon" inspeksie gehou en hierin is die nuwe vlag wat 'n toonbeeld van die kragtige jong land is, gehys. Die koshuislied (met toelaatbare variasies) is met groot ontsag en eerbied aangehoor.

**STATEBOND**

In sy toespraak het prof. Preller onder andere gesê dat die dag van onafhanklikheidswording, vir hom in goue letters in die geskiedenis van Over de Voor geskryf staan. Hy het ook bekend gemaak dat die Kabinet op sy eerste sitting sal besluit of hulle uit die Statebond gaan tree of nie.

# HUIS JASMYN IS TANS NOG „VLAGLOOS"!



**Die Heimatters het op wonderbaarlike wyse die vlag van Huis Jasmyn in die hande gekry. Ons wonder of hulle dalk in hulle massas gaan opruk om die vlag te kom terughaal?!**


**Ry in die WAPAD**

met 'n TRAPFIETS
'n MOTORFIETS



van

**PARK FIETSWINKEL**

Van Riebeeckstraat 81 en Kerkstraat 77.
SUZUKI'S HONDA'S B.M.W.
*Onderdele — Herstelwerk*






**INSLEEP!**

WAARHEEN ALMAL SLEEP

**Koshuisbestellings: 6039**

# Puk klop Western Reefs in puik wedstryd

**IN 'n ligawedstryd wat by tye mooi rugby opgelewer het het die O-19 A span van die Puk die O-20 span van Western Reefs verlede Saterdag met 24-8 geklop.**

**Die Pukke se skakelpaar, Danie Kock en Koppies le Roux, het mooi gekombineer en die agterlyn vinnig weggestuur. Danie Kock was verantwoordelik vir 'n mooi drie toe hy om die steelkant gebreek het en 'n paar teenstanders naby hulle doellyn geklop het.**

Die voorspelerspel het in die Pukke se guns verloop, hoewel dit soms gelyk het asof die skeidsregter se beslissings hulle van stryk af gebring het. André de Bruyn het goeie werk in die lynstane gedoen, terwyl Basjan Reynders op agtsteman die veld vol gespeel het en dan ook 'n drie vroeg in die eerste helfte gedruk het.

**VASBERADE**

Gert Rautenbach het op senter beïndruk met sy vasberade lopies. Hy het twee drieë gedruk, die een nadat hy die bal van Danie Kock ontvang het wat die verdediging netjies op homself getrek het.


Op vleuel het Gert Lategan gesorg vir twee mooi drieë. Sy krag en vasberadenheid het hom die gevaarlikste vleuel op die veld gemaak en een van sy drieë het hy gedruk nadat hy die bal op die halflyn ontvang het.

**VERVYF**

Barend Venter het twee van die drieë vervyf en Herman Kleynhans een.

Western Reefs se punte het bestaan uit 'n doel en 'n strafdoel.

**Die O-19 A span het vyf van die ses wedstryde wat hulle alreeds gespeel het, gewen,en een gelykop gespeel. Terselfdertyd het hulle 130 punte aangeteken teenoor die 20 van hulle teenstanders.**



Onder die landlopers van die P.U. is Wouter Uys die enigste wat nooit anders as met sy hoed op aan landlope deelneem nie. Foto: Izak Bekker

## DAWIE SMITH IS KAMPIOEN IN MANSENKELSPEL

**Die mansenkelspel het die hoogtepunt gevorm van die eindwedstryde wat verlede Woensdag in die P.U. kampioenskappe gespeel is. Christo van der Walt en Dawie Smith was in die eerste twee stelle albei op die punte van hul tone en het vir harde en aanskoulike tennis gesorg.**

In die volgende twee stelle het Dawie se foutlose spel en fiksheid egter die deurslag gegee. Christo se afslane was oor die algemeen beter en dit is jammer dat hy miskien 'n bietjie moeg geword het. Die telling was 7/9, 7/5, 6/2 en 6/3.

**LOEF**

Althea van Loggerenberg het die damestitel ingepalm toe sy Stella Venter met 'n maklike 6/1, 6/4 die loef afgesteek het. Die spel was 'n bietjie teleurstellend.

**Die gedugte kombinasie tussen Christo van der Walt en Piet Mitchell het weer eens koning gekraai. Hul telling teen Dawie Smith en Nico Botha was 6/4, 0/6 en 6/4. Stella Venter en Susan Aucamp het ook vir Althea van Loggerenberg en Sanet Lombard met 6/3, 6/1 gewen.**

Die bestuur het voorlopig besluit om later in die semester 'n braaivleis te reël vir al die klublede waartydens pryse aan oorhandig sal word.

## Toernooie word hier gehou

Die volgende Interuniversitêre toernooie vind vanjaar aan hierdie Universiteit plaas:

Die Judotoernooi vind vanaf 3—7 Julie plaas. Elke Universiteit is geregtig om twee manspanne en 'n damespan te stuur.

Die pluimbal sal ook tussen 3—7 Julie afgehandel word. Elke Universiteit kan 'n span inskryf wat nie meer as 6 mansen 6 damespelers insluit nie.

Die Sokkertoernooi vind vanaf 10—14 Julie plaas. Op 15 Julie speel die S.A.U. sokkerspanne (A. en B.) teen provinsiale spanne.

Die tafeltennismanne sal dit uitspook vanaf 17—22 Julie. Elke Universiteit mag soveel spanne as wat verkies word inskryf.



Mej. Anna Venter, eerstejaar hokkiespeelster is ook die huidige houer van die P.U. spiesgooirekord en het in die hoedanigheid aan die Wes-Transvaalse atletiekkampioenskappe deelgeneem.

## SES PUKKE SPEEL VIR W.-TVL. DAMESHOKKIE

**Ses Pukke is Saterdag 20 Mei, saam met hul afrigster, tydens die Wes-Transvaal dameshokkie-proewe gekies vir die vier nie-amptelike Wes-Transvaal spanne. Saterdag 27 Mei word die finale proewe gespeel en die twee amptelike spanne gekies.**

Die Pukke is: Jakkie Meyer (doelwagter), Daleen Snyman en Anna Welman (albei heelagters), Koenie de Beer (vleuel), Anna Venter (sneller) en Annemarie Botha (skakel). Benewens hierdie uitblinkers is ook die hokkiespan se afrigster, mej. Cecile Malan, wat vir Potchefstroom Dorp speel, gekies. Vir die eerstespan-kapteine, Daleen Snyman, is die prestasie merkwaardig omdat sy met 'n geskeurde beenspier moes speel.

**Die proewe is Saterdagoggend op die Bill Swart-Ovaal gespeel. Ses spanne het ingeskryf, waaronder die Puk se eerste en die tweedespan in kombinasie met Lichtenburg.**

Onder die keurders was Angela Harrison, kapteine van die Springbokspan en Roza Dietrich amptelike Springbok-keurder.


## Sokker floreer onder nuwe kaptein

Toe Johan van Wyk die P.U. aan die einde van 1966 verlaat het, het menige lid van die sokkerklub seker gewonder wat van die klub gaan word.

Reeds vroeg in die seisoen het die nuwe voorsitter, Awie Wright, getoon dat hy van plan is om die ankertoue wat deur sy voorganger uitgegooi is, nog stewiger te bind.

**NUWE DINGE**

Mnr. Wright het letterlik, in die kort tydjie wat hy die leisels in die hande het, baie nuwe dinge ingevoer. Daar is Jimmy Williams, 'n afrigter van wêreldformaat, die uitmuntende erekleure en oorspronklike spandrag.



AWIE WRIGHT

Vir die eerste keer in die geskiedenis van Universiteitsokker sal al die S.A. Universiteite vanjaar die uitklopkompetisie op Potchefstroom bywoon.

**Awie het gesê dat die gees onder die spanlede nou beter is as ooit en met die entoesiasme wat onder al die lede heers voorspel hy 'n seisoen vol hoogtepunte vir die Sokkerklub.**

## KOSHUISRUGBY TOON NUWE LEWE

**Over de Voor I het Saterdag daarin geslaag om Goldfields IV met 11—8 te klop. Dit is Over de Voor se eerste oorwinning in 'n baie lang tyd.**

Die Bloues se punte is aangeteken deur Hans Strydom wat eerste gaan druk het. Nie lank daarna nie het Yssel met 'n strafskop geslaag. Piet Coetzer, skrumskakel, het teen die einde van die wedstryd oorgeval vir 'n mooi drie wat deur Yssel vervyf is.

**Die manne het aanvanklik baie los gespeel, maar later het die voorspelers en die agterlyn mooi gekombineer. Sam Durand het met uitstekende spel vorendag gekom.**

**CASTLES**

Over de Voor II (Castles) het daarin geslaag om Fochville III met 6—0 te klop. Bertie Pretorius en Johan Kotze het elkeen 'n drie aangeteken. Dit was 'n baie aanskoulike wedstryd met baie hoogtepunte.

**DORP - KOMPLEKS**

**Dorp/Kompleks het verlede Saterdag goed vertoon en die sterk span van Weermag met 19—12 geklop. Goeie spel is gelewer deur Kraal Kirstein, Eugene Kruger, Gerrie Snyman en Poen Coetzee. Bertie Fourie het die veld vol gespeel en met akkurate skopwerk sy span uit menige gevaarlike posisies gered. Vyf dae gelede moes hulle egter die knie buig teen die sterk span van Mafeking. Hulle het met 14—10 verloor.**

## 3 Stoeiers vir Sw.-Tvl. gekies

Op die Suidwes-Transvaalse stoeiproewe wat onlangs op Stilfontein gehou is, het die P.U.-stoeiers besonder goed gevaar deur drie stoeiers in die Suidwes-Transvaal-span te kry. Die mededinging was straf en stoei van 'n hoë standaard is gelewer. Johann Preller en Jan Pretorius het albei B-span gehaal, terwyl Johann Boshoff vir die A-span gekies is.

Die spanne stoei onder meer teen provinsiale spanne van Natal, die Vrystaat, Suid-Transvaal en Noord-Transvaal. Daarna neem die span ook deel aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe wat vanjaar op Stilfontein aangebied word.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.
Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer
in die verskaffing van die
Jongste
Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM
— Ons hou alles aan wat dames benodig —
Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra
te kry by u kafeteria